
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 12 /2025 - 17 April 2025




## Boodskap van die beheerliggaam




Die Hoërskool Menlopark se geskiedenis is gevul met talle gedenkwaardige hoofstukke. Op 3 April 2024 het 'n splinternuwe hoofstuk begin toe meneer Hartman die leisels as skoolhoof oorgeneem het. Sy toewyding, leierskap en visionêre denke is van onskatbare waarde – nie net vir die skool nie, maar ook vir ons leerders en die ouergemeenskap.

In hierdie Paastyd, 'n tyd wat simbolies op vernuwing en verbetering uitloop, wil die beheerliggaam sy opregte waardering en dank betuig vir die inspirerende toewyding waarmee meneer Hartman die skool na nuwe hoogtes lei. Die eerste 365 dae van sy leierskap herinner ons aan Menlopark se kernwaardes van uitnemendheid, integriteit, lojaliteit en ywer.

Die beheerliggaam sien met hoop en verwagting uit na wat die toekoms vir ons skool inhou.

## Teksvers vir 2025

**Jesaja 43: 18 & 19**

Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

## Teksvers vir die kwartaal

**Jeremia 17: 7 - 8**

Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

# BELANGRIKE DATUMS VIR DIE KWARTAAL

**AKADEMIE**

| | |
|---|---|
| 10 April | Toetsreeks begin |
| 20 Mei | Toetsreeks eindig |
| 26 Mei | Wintereksamen begin (graad 10 - 12) |
| 4 Junie | Wintereksamen begin (graad 8 & 9) |
| 27 Junie | Skool sluit |

Toetsrooster    Studiekursus

**OPENBARE VAKANSIEDAE EN SKOOLVAKANSIEDAE**

| | |
|---|---|
| 18 April | Goeie Vrydag |
| 21 April | Gesinsdag |
| 27 April | Vryheidsdag |
| 28 April - 2 Mei | Skoolvakansiedae |
| 16 Junie | Jeugdag |

**KULTUURKALENDER**

Kultuur

**WINTERSPORTBEPALINGS**

Netbal

Rugby

Hokkie

**REÜNIE**

| | |
|---|---|
| 16 Mei | 50 jaar |

**ALGEMEEN**

Oorskakeling na wintersdrag:
Hou Ed-admin dop.







# KOMMUNIKASIE


## ED-ADMIN

Hou die toepassing vir inligting oor u kind se punte, afwesighede, gedrag en vakonderwysers dop.




- Administrasie
- Akademie
- Finansies
- Fotobestellings
- Kommunikasie
- Musiek-akademie
- Omsendbriewe
- Parkieraadprojekte
- Perioderoosters
- Skooldrag, klerebank en sportwinkel
- Sosiale kalender

&








## 'n Brokkie Menlo-geskiedenis

Menlo se skoollied, Hou hoog die vaandel wit en blou, is vanjaar sestig jaar oud. Die woorde is uit die pen van ons eerste adjunk-hoof, mnr. JJ Theron en mnr. OA van der Stoep was vir die toon-setting verantwoordelik.



## Afrikaans vier 100 jaar: Het jy geweet?

Volgens AWS 3.14 word daar nie 'n koppelteken in gevalle soos SA atleet of NG predikant gebruik nie omdat hulle volvorme Suid-Afrikaanse atleet en Nederduitse Gereformeerde predikant nie sa-mestellings is nie.

# Parkieraad-planne: Proppieprojek



# KULTUUR

## DEBAT

**Dink of Sink-onvoorbereideskoledebatskompetisie**

Die volgende leerders het die skool vandeesweek aan die debatfront verteenwoordig:

Juniors: Clara Blignaut, Li-ané Haasbroek, Heinrich Vögel, Wehann Snyman, Daniël de Waal, Liam Senekal, Lua Pretorius, Kiana Pretorius, Mieke van den Berg, Zea de Villiers, Carli Serfontein, Lara Swanepoel, Lara Moolman, Clarisé van Niekerk & Zani Dicks.

Seniors: Clara Serfontein, Skye Smit, Danielle van Deventer, Nina Dicks, Mikyla Zastrau, Selie de Villiers, Lauren Malan, Karla van Rooyen & Annika Kloppers.



# MENLO-MUSIEK-AKADEMIE

## Het jy geweet?

Jy kan musieklesse op Menlo-bodem neem.

## Wie kan lesse neem?

•Enigiemand is welkom — van beginners tot gevorderde musici.

•Ons bied informele lesse, eksamenvoorbereiding en voorbereiding vir eisteddfods aan.







# SPORT

## ATLETIEK

**Suid-Afrikaanse Skolekampioenskap**

Hier volg 'n opsomming van die Menlo-atlete se prestasies:




- Goud 10
- Silwer 2
- Brons 2
- SA skolerekord: Megan Nieman
- Junior victor ludorum: Jaco van Dyk
- Junior victrix ludorum: Janelle Kirkpatrick

## NWU-SKOLESPORTREEKS

**Volledige uitslae**

### Finale posisies

| **Rugby** | | **Netbal** | | **Seunshokkie** | | **Dogtershokkie** | | **Ander** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| O. 14A | 4 | O. 14A | 1 | O. 14A | 3 | O. 14A | 3 | Bergfiets | 2 |
| O. 14B | 3 | O. 14B | 1 | O. 14B | 2 | O. 14B | 1 | Landloop | 1 |
| O. 15A | 2 | O. 15A | 3 | O. 16A | 1 | O. 15A | 4 | Skaak | 4 |
| O. 15B | 6 | O. 15B | 1 | O. 16B | 2 | O. 15B | 1 | Tennis | 3 |
| O. 16A | 5 | O. 16A | 2 | O. 18A | 5 | O. 16A | 2 | Muurbal | 1 |
| O. 16B | 4 | O. 16B | 1 | O. 18B | 1 | O. 16B | 1 | Gholf | 2 |
| O. 19A | 1 | O. 18A | 1 | | | O. 18A | 1 | | |
| O. 19B | 2 | O. 18B | 1 | | | O. 18B | 2 | | |







# NWU-SKOLESPORTREEKS



# PRESTASIES BUITE MENLO

## DRIEKAMP

Kara du Plessis

| | |
|---|---|
| SA Cross Triathlon Championships | 2de |
| SA Sprint Triathlon Championships | 3de |
| Triathlon African Championships | 8ste |




DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
Menlo-gholfdag
8 Mei 2025
Woodhill Buiteklub
Navrae: Me. Méhan de Vries
mehan.devries@menlopark.co.za


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
Menlo-kunsuitstalling
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK SE
Elite
KUNSUITSTALLING 2025
17 April – 4 Mei
Besigtiging: Daagliks
08:00 – 16:00
De Gallerij kunsateljee by Pierneef's Kraal
Knoppiesdoornlaan 30, Lynnwood Manor, Pretoria
Navrae: Chris de Beer
082 579 8174 | info@pierneefskraal.co.za
#DeGallerij #PierneefsKraal #SouthAfricanArt #ArtExhibition #ArtGallery
PIERNEEF'S KRAAL
THE ORIGINAL PIERNEEF HOMESTEAD

# ONDERSTEUN ONS PARKIE-ENTREPRENEURS

## Is jy 'n Parkie-entrepreneur?

Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.

STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N J-PEG OF PNG) NA ANLIE.DICKS@MENLOPARK.CO.ZA.




# MARKPLEIN




Jagfees is hier! Met jagseisoen om die draai, is dit dié tyd om jou toerusting te kry by Safari Outdoor® se grootste uitverkoping van die jaar.

Beskikbaar vanaf 11-27 April by elkeen van ons 7 winkels landswyd, sowel as aanlyn.

Droom groter en moenie Jagfees die jaar misloop nie!

Volledige katalogus: https://bit.ly/41O6M0M







Wil u graag in die Insig adverteer?
Volg die skakel vir meer inligting.

# MENLO-BORGE

SAFARI OUTDOOR